



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

15 OKTOBER 2017

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

EREDIENSTE

15 Oktober

22 Oktober

			15 Oktober		22 Oktober		
OGGENDDIENS	09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	2	Ds. Visagie	4/6
	09:00	Tent	Klouterkerk	Ds. Kotze	-	Geen diens	-
	09:00	Kapel	Meditatief	Ds. Visagie	-	Philipp Dietmann	-
	18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Prop. vdW'huizen	-
	19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	12	Ds. Visagie	13

EREDIENSTE EN KATEGESSE VANDAG

- Die **Gesinsdiens** verskuif op Sondag 15, 22 en 29 Okt na die kerk.
- Die **kleuter- en peuterkerk** verskuif vir dieselfde tydperk na die Komiteekamer in die Kerkkantoor.
- Graad 1-7 kategeese-groepe kom om 10:00 in die kerk bymekaar.
- Graad 8-11 kategeese-groepe verskuif na die kerk en tent na afloop van die jeugdiens.
- Die markpleinkuierarea verskuif op dié Sondag na die restauranttent.

TIENDEMAANDINSAMELING

November is die maand waartydens ons uit dankbaarheid 'n ekstra bydrae tot die koninkryk se werk maak. Ons besorgdheid oor die aarde, en daarom herwinning, het die Kerkraad gemotiveer om lidmate vanjaar aan te moedig om hulle tiendemaandbydraes (die kontant of bewys van betaling) in 'n houer, koevert, of sakkie wat jy uit herwinbare materiaal gemaak het na die kerk te bring op Sondag 12 November. Span 'n leë plastiekbottel, blikkie, koerantpapier, boksie of enige iets denkbaar in. Plaas jou telefoonnommer bo-op want daar is twee pryse op die spel (restaurant-etes ter waarde van R500) vir die mees kreatiewe skepping.

OGGENDDIENS

KLOUTERKERK

Feestyd

JEUGDIENS

Kreatiewe Jesus
(Gen. 1:1)

DEUROFFER

Instituut vir Blindes

JEUGDAGBOEK

- SENIOR KATEGESSE EN JEUGDIENS - Jeugdiens begin 18:00 met die kleingroepe wat daaruit loop. Ons nooi ook Sondag alle matrieks en hul ouers spesiaal uit na ons jeugdiens. Kom kuier voor die jeugdiens saam - daar sal musiek en vure wees.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS kom Sondag 17:00 in restaurant-tent bymekaar vir opleiding.
- JUNIOR KATEGESSE - graad 1 tot 7 kom vanaf 10:00 in die kerk bymekaar. Kom wees deel van ons kersliggieprojek - met vonkies en vlammetjies is ons almal ANNIBRAND vir Jesus.
- GRAAD 7'S word spesiaal uitgenooi om die jeugdiens vir die volgende drie Sondae by te woon.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Kontak Peter by 073 262 3848 indien jy wil inskakel.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, kapel.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP: Gaan na *Google Play of Apple Store* en soek "Stellenberg". *Download* en geniet!

ONS BID VIR MEKAAR

Johan Neethling, Melinastraat, Rosendal - ontvang bestraling.

BORG 'N BERSIE

Ondersteun asb. die Jeugbediening se bersieprojek wat tydens die feesmark geloods word. Ons beoog om in volgende jaar 3000 kombesies tydens die uitreike uit te deel. Jy kan 'n donasiekoppie @ R20, R50 en R100 by ons stalletjie koop.

GRAAD 6-EN-7-KAMP

Is jy dalk op soek na 'n paar wenke oor hoe om dinge te doen, uitdagings te hanteer, of sommer net die lewe te geniet? Dan moet jy die graad 6-en-7-kamp kom bywoon vanaf 27 tot 29 Okt by Simonsberg kampsterrein. Laai die inksrywingsvorme af by www.stellenberg.co.za

KATEGESSE LOKALE

Gr 1 tot 7	Kerk
Gr 8 - 10	Kerk
Gr 11	Tent

FEESMARK

Besoek die Feesmark vanaf 18 Oktober tot 4 November

Maandag tot Vrydag

10:00 tot 20:00

Saterdag

09:00 tot 18:00

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste.

Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

KLEINGROEPE@STELLENBERG

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes/jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za.

Indien jy reeds by 'n kleingroep ingeskakel is, laat weet ons gerus van jou groep by navrae@stellenberg.co.za

VATVYF 18 OKT 10:30

Ons ontmoet mekaar om 10:30 in die kapel waar ons na twee Feesmark-uitstallers se "stories agter die skerms" luister. Daarna beweeg ons na die restaurant-tent vir saamkuier. Ons drink tee, koffie of koeldrank en geniet 'n heerlike stuk bederfkoek.

Koste: R 30 per persoon.

Besprekings by Karin 021 976 4519. Besprekings sluit op Dinsdag 17 Okt om 13:00.

MET LEEDWESE

Ons neem met hartseer afskeid van:

- **Loekie Loewies Jordaan**, gebore 25/06/1949 en oorlede op 10/10/2017. Loekie was sedert 1987 'n lidmaat van Stellenberg en vir ongeveer ag jaar het hy die gemeente se sekuriteit voltyds behartig. Hy was by oud en jonk geliefd en sal onthou word vir sy toewyding en deernis. Ons opregte meegevoel met sy kinders en kleinkinders wat hy agterlaat. Sy roudiens is op Maandag 16 Oktober om 11:00 in die kerk.
- **Susanna Petronella (Sonia) Swart**, gebore 07/10/1943 en oorlede op 10/10/2017. Sonia was sedert 2007 'n lidmaat by die gemeente en ons het haar leer ken as 'n vlytige, positiewe mens wat altyd bereid was om hulp te verleen by gemeente aktiwiteite. Sy was die sameroeper van die breigroep en deur haar hande het honderde serpe en musse vir minderbevoorregte kinders die lig gesien. Ons opregte meegevoel aan haar kinders en kleinkinders wat sy agterlaat. Haar roudiens was op Vrydag 13 Oktober in die kerk gehou.

WOLSKENKINGS

Ons breigroep benodig enige bydraes van afvalwol. Hulle brei reeds vir die winteruitreike van 2018. Hartlik dankie aan die persoon wat 'n boks wol geskenk het. Dit word baie waardeer. Die breigroep sal dit vir die brei van serpe en musse benut.

GEBEDSGROEP

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha). Gebedsversoeke kan ook via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

REFORMASIE FEESWEEK 5 TOT 12 NOV

Koop nou kaartjies vir die volgende geleenthede:

- **Tafelgesprekke** op 6, 8 en 9 Nov. Kaartjies beloop R100 p.p. per aand en al drie aande @ R250 per persoon. Dit sluit 'n vingerete in. Daar is net 100 kaartjies per aand beskikbaar.

6 Nov 18:30: Reformasie & ekonomie - Prof. Piet Naudé

8 Nov 18:30: Reformasie & onderwys - Prof. Michael le Cordeur

9 Nov 18:30: Reformasie & demokrasie - Aartsbiskop T. Makgoba

- **Feeskonsert** 12 November van 19:00 tot 20:00 met Zorada Temmingh (orrelis) en die US Konservatorium Kamerkoor onder leiding van Martin Berger. Kaartjies R50 per persoon. Alle kaartjies is weksdae by die kerkkantoor tussen 08:00 en 13:00 te koop of Sondag oggende by die inligtingstafel.

GELOWIGES EN DIE SKEP VAN RYKDOM

Hoe kan ek sinvol en betekenisvol werk en 'n goeie lewe vir myself en my gesin skep?

Aanbieders: Dries du Toit bekende finansiële konsultant wat ook gereeld op RSG konsulteer, bied die kursus aan n.a.v. die befaamde boek *The richest man in Babylon* en ds. Callie Visagie gee 'n Bybelse perspektief oor rykdom.

Plek: Kapel Datum: 30 Oktober 18:30 - 20:00

Koste: R50.00 p.p. of gesin. Besprekings: Anneke Serfontein sos@stellenberg.co.za / 021 976 8029.

DR. BLACKABY - GEESTELIKE LEIERSKAP

Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van "Beleef God", besoek op 11 en 12 November ons gemeente. Op Saterdag 11 Nov bied hy vanaf 08:30 tot 12:30 'n seminar oor geestelike leierskap aan. Kaartjies @ R100 pp kan by milda@stellenberg.co.za bespreek word, of skakel 021 976 4519.

Op Sondag 12 November tree hy as gasprediker by die 09:00 oggenddiens in die kerk op.

LEESROOSTERS KAN NOU BESTEL WORD

Leesrooster 2018, wat wêreldwyd deur kerk gebruik word vir die lees van die Bybel kan @ R80 elk bestel word.

Stuur 'n epos aan navrae@stellenberg.co.za om bestelling te plaas of kontak Karin by 021 976 4519 voor einde Oktober.

MAGDALENAHUIS BIED AAN:

"Art and Opera"

18 November 19:00

Rhebokskloof, Paarl.

Met Zanne Stapelberg-de Lange en Minette du Toit-Pearce. Verskeie kunstenaars se kunswerke word uitgestal en 'n viergang maaltyd word bedien.

Kaartjies R600 per persoon.

Navrae:

elsa@magdalena.org.za